"PROTESAKSIE" WEENS SKULD INVORDERING

Midvaal het onlangs geweldadige protesaksie deur ongeveer 150 inwoners van Sicelo beleef as gevolg van skuld invordering in bogenoemde gebied. Dit was van meet af aan duidelik dat die protesaksie polities gemotiveerd was. Oproermakers het sonder om te skroom op lafhartige wyse skoolkinders misbruik in hul protesaksie, wat die gooi van voorwerpe na die SAPD ingesluit het.

Die Sicelo protesaksie het gevolg op skuldinvorderingsaksie teen 4 inwoners wat nie hul munisipale rekenings betaal het nie en ook nie aansoek gedoen het vir hulpbehoewende status nie. Na verskeie kennisgewings aan die betrokke inwoners is die sake aan die hof voorgelê en is die Balju deur die hof opdrag gegee om beslag op die inwoners se roerende eiendom te lê. Slegs na bogenoemde aksie het die betrokkenes gereageer en die nodige reëlings met die munisipaliteit getref om hul skuld af te betaal. Na afloop van die afbetalingsreëlings wat getref is het die Balju die betrokkenes se eiendom terugbesorg.

Die protesaksie het klaarblyklik gevolg op stellings van inwoners van Sicelo dat "hulle die geld het om te betaal maar dat hulle eenvoudig net nie sal betaal nie !" Hierdie opstokers het paaie beskadig en verbygaande voertuie met klippe bestook totdat die SAPD verplig was om sterk op te tree ten einde die situasie te kalmeer.

Die Premier van Gauteng, Me Nomvula Mokonyane, het in haar provinsiale toespraak op 22 Februarie 2010 gemeenskappe versoek om vir hul basiese dienste te betaal. Sy het ook in dieselfde toespraak munisipaliteite gemaan om munisipale verordeninge toe te pas.

Midvaal glo daaraan dat een stel reëls vir alle inwoners moet geld. Huishoudings wat minder as R2160.00 per maand verdien, word aangemoedig om as hulpbehoewend by die munisipaliteit te registreer. Huishoudings wat egter bo die genoemde bedrag verdien is verplig om vir munisipale dienste te betaal. Midvaal veroordeel die geweld, skade aan eiendom en politieke intimidasie waarmee die protesaksie gepaard gegaan het ten sterkste. Die munisipaliteit kan nie 'n situasie waarin 'n paar inwoners, wat wel munisipale dienste kan bekostig, maar gewoon dit net gratis gebruik sonder betaling, toelaat nie.

"PROTEST" OVER DEBT COLLECTION

Midvaal recently experienced a violent protest by about 150 residents in Sicelo as a result of debt collection in the area. It was however clear that the protest was politically motivated and that the instigators unashamedly used children, who should have been in school, to wave sticks and throw stones at the police.

The Sicelo protest centered around four (4) residents who had not paid their rates and failed to apply for indigency. After numerous notices to those residents the matter went to court and the Sheriff of the Court was ordered to attach the residents' movable property. It was only then that the residents responded and made an arrangement with the municipality to pay off the debt. Once the payment arrangement was concluded the Sheriff returned their goods to them.

The protest resulted from statements by a few residents in Sicelo that "they have the money to pay but they simply will not!" These instigators damaged roads and stoned passing vehicles until the SAPS were forced to react strongly to calm the situation.

On the 22nd of February 2010 the Premier of Gauteng Nomula Mokonyane in her State of the Province address called on communities to pay for basic services and she also urged municipalities to enforce municipal by-laws.

Midvaal strongly believes that one set of rules must apply to all residents. All households that earn less than R2160 are encouraged to apply for indigency and those who earn above that are compelled to pay for the basic services which the municipality provides. We strongly condemn the violence, damage to property and political intimidation that took place but we cannot tolerate a situation in which a few people, who can afford to pay, simply continue using services for free.